

**30 SEPTEMBER**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: LUKAS 18:9-14**

**Is jy seker van jou saak?**

Is jy seker van jou saak? Die Fariseër was baie seker van sy saak. In sy gebed is sy belydenis 'n klop op sy eie skouer. Hy oortree nie die gebooie nie. Na die ander kant doen hy nog meer as wat voorgeskryf is (vs. 11-12). Hy was seker dat sy eie lewe hom die oop deur na God gegee het. Teenoor hom staan die tollenaar. Eintlik het hy geen toegang tot God nie. Hy kon nie eens na die hemel opkyk nie. Inteendeel, hierdie sondaar moet ver weg bly staan. Voor God het hy geen saak nie.

Maar Jesus verras ons. Hierdie een wat so ver weg moet bly, se saak met God is seker, veel sekerder as die Fariseër se saak. Dit kan tog nie, want al wat hierdie tollenaar kan uitkry, is: "O God, wees my, sondaar, genadig." O God, versoen my, sondaar, met Uself!

Dit is toe al die tyd die toegang tot die hemel, tot God: God se versoening. Slegs deur versoening het jy 'n saak by God. God se versoening deur die bloed van Christus gee jou vrye toegang tot die hemel (Heb. 10:19). God trek jou nader, tot teenaan Homself. Daarom mag jy bid. Nie jy nie, maar God deur Christus, gee jou sekerheid van jou saak.

*Sing: Psalm 116:1, 2, 3, 5 (1936-beryming)*

*Psalm 116:1, 2, 3, 4 (2001-omdigting)*

*Ds Carel Jansen (Secunda)*